

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 29
(Augustus 1964)



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

ONS VOORBLAD

- Die kersvlam op ons voorblad is simbool van lig.

Lig . . . dit is die boodskap van die Bybel.

Figuurlik word dié woord meer as 140 maal in die Skrif gebruik.

In die volgende ligflitse som ons die ligboodskap vir u op.

- Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld (Johannes 1:9).

Die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan (Matthéüs 4:16).

- En Jesus het weer met hulle gesprek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê (Johannes 8:12).

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad (Psalm 119:105). Want by U is die fontein van die lewe; in U lig sien ons die lig (Psalm 36:10).

- Terwyl die pad van die regverdiges is soos die lig van die môreglans, wat al helderder word tot die volle dag toe, is die weg van die goddelose soos duisternis: hulle weet nie waaroor hulle sal struikel nie (Spreuke 4:18-19).

- En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is (Johannes 3:19-21).

DIE DOOPWATER

In jou doopwater verdrink . . . Nee! Nee, dit gebeur ook nie wanneer die pastoor jou te lank onder die water druk nie. Dis ook nie wanneer die doopwater in die neusie van die suigeling afloop nie.

Jy wat eenmaal gedoop is, jy wat nooit meer die binnekant van die kerk sien nie — dis van jou wat ek praat. Jy kan in jou doopwater verdrink.

Miskien leef jy ook onder die waan van die vrou wat ek hoor sê het: eenmaal gedoop, is vir goed gered. Sy meen stellig: gedooptes gaan nooit verlore nie. En kom mens voor die regterstoel van Christus, dan wys jy slegs na jou voorhoof, jy refereer net na jou doop . . . soveel te sê: my plek is reeds betaal!

Nee, my vriend, die doop — dit is 'n seën vir 'n mens *of* 'n vloek. Dit is vir jou tot vryspraak *of* tot veroordeling. Jy leef daardeur *of* jy verdrink daarin.

Graag wil ek hê jy moet weet: God het nie behae in die dood van 'n sondaar nie, maar in sy lewe, in sy bekering. Sekerlik, ek glo, ook jy?

Jou doopwater praat . . . God spreek tot jou in daardie gebeurtenis — nou reeds veertig jaar terug.

Daar het Hy beloof . . . Dit herinner Hy jou vandag weer. Die *Vader het gesê*: O, sondaarmens, jou neem Ek aan. Jy word my kind. Nee, meer nog: jy word my erfgenaam . . . " en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus . . ." (Rom. 8:17).

Jou doop — dit getuig van kind-wees, van erfreg!

Die Seun het betuig: Jy's vuil gewees. Maar nou is jy gewas! Soos water die liggaam reinig, so het ek jou siel gesuiwer met my bloed. Van al jou sondes is jy skoon. (1 Joh. 1:7 " . . . en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde." In God se oë het jy gesterf, het jy betaal. Christus sê: jy was een liggaam met My toe Ek neergedaal het in die graf. Met My het jy weer verrys. In my het jy gesterf. Voor God is jy 'n nuwe mens.

lou doop — dit verseël regverdigheid en reiniging.

En die Heilige Gees . . . Hy verseker jou: Ek kom woon in jou hart. Ek kom maak jou glo: die kindskap, dit is waarlik myne, én die reiniging. En ook nog 'n nuwe lewe. Jy is dood vir sonde. Jou lewe is vir God. Dag vir dag sal Ek by jou bly, Ek sal jou lei op die weg van saligheid . . . tot volmaakte heerlijkheid!

Jou doopwater — daar hoor ek die Drie-enige God jou verseker van sy genade. Die doop is sy pand, sy ontwyfelbare waarborg: dit skenk Ek jou!

Neem jy hierdie versekering van God aan, my vriend?

Glo jy dit met jou hele hart?

Wat is jou antwoord dan?

Dié doop van jou — dis God se versekering ja! Maar tog, 'n versekering wat nie onbeantwoord mag bly nie. Jou doop is 'n pand van God, maar ook sy vraag! By die doopbak staan vandag nog die God wat wag op jou antwoord. Hy sê: Ek het jou my Vaderhart gegee . . . Waar is dan jou hart my kind?

'n Doop wat onbeantwoord bly; Vaderhande wat steeds uitgesteek wag en 'n bloeiende Vaderhart wat geen gehoorsaamheid en kinderlike onderwerping sien nie . . . so 'n doop is

geen seën nie maar 'n vloek. So 'n doop is nie tot vryspraak nie maar tot veroordeling.

Die doopwater vra 'n gereinigde, 'n wedergebore, 'n nuwe lewe, 'n lewe in volslae vyandskap met die sonde. Jy het een plant met Christus geword. Dieselfde Gees wat in Hom leef, leef ook in jou.

My vriend, mag God verhoed dat jy die bloed waardeur jy geheilig is, onrein ag deur maar in sonde voort te lewe. Mag Hy die Gees wat in jou werk om jou te volmaak nie jou smaad ondervind nie. Waarlik, dan is jou doopwater 'n getuie teen jou. Dan sal jy nie daardeur lewe nie, maar daarin verdrink!

N. Droomer.

Hy het sy lewe vir sy vriende gegee

Liefde.

Weet jy wat liefde is?

Weet jy waartoe *ware, egte* liefde 'n mens kan beweeg?

Dit kan jou beweeg om alles, werklik *alles* te gee, alles op te offer vir die een wat jy liefhet. In dié gees spreek 'n bekende Afrikaanse digter van die ware moederliefde:

Met soos 'n moeder, so opreg, gee sy haar laaste druppel weg.

'n Sekere persoon het ook eendag gesê: "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee".

Weet jy wie dit gesê het?

Dit is Jesus Christus.

Maar in sy mond was hierdie uitspraak nie maar net mooi en aangrypende woorde sonder meer nie. Met hierdie woorde kondig Hy 'n program van aksie aan . . . vir sy *vriende gegee*.

Homself. Enkele ure nadat Hy die woorde uitgespreek het, het Hy werklik gedoen wat Hy hier gesê het. Hy het inderdaad sy lewe vir sy vriende gegee. Hy het as Priester homself geoffer om sy vriende te bevry.

SY VRIENDE WAS IN GROOT NOOD

Sien, die saak staan so: Jy wat hier lees en ek wat hier geskryf het en verder alle mense staan as skuldiges en aangeklaagdes voor die ewige en regverdige God van hemel en aarde. Ons is skuldig, want ons het sonde gedoen; ons het die gebooie van die grote en heilige God oortree.

Omdat ons teen die grote God gesondig het en met ons sondes sy gebooie onder ons voete vertrap het, wag daar op ons 'n vreeslike straf. Dié straf is nie net rampe, ellende, pyn en smart in hierdie lewe nie, die straf is selfs nie net die dood nie maar die straf hou ook in dat daar na die dood op die mens ewige, onuitspreeklike smart en ellende gewag het.

Ja, dit is die oordeel wat regverdiglik oor alle mense moes kom, ook oor jou en my.

Maar toe het Christus gekom om die vreeslike straf wat ons ewig moes verduur, in ons plek te dra. In onpeilbare liefde vir sy vriende het hy in hulle plek gaan staan en aan God, sy Vader gesê: My Vader, laat U toorn oor hulle sondes *teen my* uitwoed. Die slae waarmee U

hulle, my vriende, regtens moes slaan — slaan MY daarmee. Die angste van die dood, die smarte na die dood wat oor hulle moes kom omdat hulle U heilige geboorte oortree en so vreeslik teen U gesondig het, laat dit, My Vader . . . laat dit MY deel word. Ek ^vil dit in hulle plek dra Ek wil myself offer om hulle te red. Ek wil my lewe vir my vriende gee, want Ek het hulle lief.

En die Vader het hierdie gebed verhoor.

Al sy oordele wat oor ons moes kom, het die Vader saamgebondel en oor Hom uitgestort toe Hy gehang het aan die kruis op Golgota. Sy grimmigheid waarin ons ewig moes brand het God teen Hom laat uitbrand sodat ons dit nie meer hoef te voel nie. Ely het die doodsvalei betree om vir ons 'n pad daardeur na die ewige lewe te baan.

Dit het hy vir sy vriende gedoen. So lief het My hulle gehad. "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee."

Op die vraag wie Jesus Christus is, kan ek hierdie keer dus antwoord deur te sê dat Hy die Een is wat in sy groot liefde die swaer oordeel van God oor ons sondes gedra het om ons ewig daarvan te bevry. Jesus Christus is die groot Vriend van die mensdom.

DIE VRAAG

Die beslissende vraag waarop jy wat dit lees 'n eerlike antwoord moet gee, is dit: Is jy werklik 'n vriend van Christus? Onthou, wat Christus gedoen het, is van betekenis alleen vir hulle wat waarlik sy vriende is. Hy het sy lewe vir sy *vriende* gegee.

As jy nog nie 'n vriend van Christus is nie, kan jy wel een word. As jy in Hom glo, Hom leer lief kry, Hom met jou hele lewe wil dank vir wat Hy ook vir jou gedoen het, dan kan jy daarvan seker wees dat jy ook een van sy vriende is. Dan deel jy ook in die heerlijkheid en verlossing wat Hy vir sy vriende bewerk het.

Maar dan moet jy sy vriendskap soek.

Jy het seker al die spreekwoord gehoor: Onbekend maak onbeminde.

As jy Christus dus as Vriend wil hê en Hom as Vriend ook wil liefhê, moet jy Hom leer ken. En dit kan jy doen deur sy Woord, die Bybel weer te neem, dit te lees en te herlees, dit te oorpeins en te bespreek met iemand wat jou kan help. Jy kan Hom ook leer ken deur weer getrou kerk toe te gaan want daar in die kerk word Christus en sy groot liefde — sy liefde ook vir jou! — aan jou verkondig. Hy wil jou ook graag as een van sy vriende hê. Hy wil hê dat jy ook moet deel in die redding en verlossing wat Hy vir sy vriende bewerk het.

Ek hoop dat as ek jou ooit eendag ontmoet, ek in jou 'n ware, egte vriend van Jesus Christus sal vind.

P. J. DE BRUYN.

EK IS DIE LEWE

As aan u die vraag gestel word: "*Wat is u grootste begeerte? . . . dink ek sal die spontane antwoord wees: "Ek wil graag lewe — waarlik lewe".*

Dit is hierdie begeerte wat die mense in die gebrokenheid van ons bestaan laat reg vir die *behoud* van natuurlike en geestelike lewe op verskillende terreine.

Navorsing van die viruskiem veg vir die lewe van die liggaam.

Geestelike higiëne en sielkundige voorligting wil harmonie en lewensgeluk stabiliseer.

Maar die *antibiotika* kan die *dood* nie *verhoed* nie.

Die "*ken-jouself*" sleutel tot *lewensgeluk* wil nie *oopsluit* nie.

Die mens met sy ewige lus om te lewe, gaan ten *gronde*. Hy *sterwe liggaamlik*. Sy *vreugde*, sy *hoop*, sy *geluk* sterwe.

Hoe sal ons die lewe vind?

Die Bybel sê: "Dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

U wil lewe . . . daar word 'n wedervraag aan u gestel:

KEN U GOD?

Ek bedoel nou die Enigste en Enige God. Die Een Wese en Drie Persone. Die Geopenbaarde God in Jesus Christus. Die onsielike God wat 'n alleroorvloedigste fontein is van alles wat goed is. Die God wat, nadat Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak het, deur sy wonderlike wysheid en goedheid die mens toe hy al bewende van Hom weggevlug het, weer opgesoek en getroos het met die belofte van sy Seun.

Die God van Golgota!

Ken u Hom . . . ken u Hom?

U sê u ken Hom so van hoorsê — uit die tradisie en uit u voorgeslagte. U weet so iets van Hom wat u hier en daar opgepik het . . . u is so min of meer bewus van God êrens.

Dit gaan so af en toe . . . Nee — u *ken Hom nie*.

U sê u ken Hom in die Romantiek van u gevoelslewe — in die hoë vlugte van u gees en in die oomblikke van u emosionele geladenheid . . . Jammer, dan *ken u Hom nie*.

Miskien wil u Hom ken alleen in die dramatiese oomblikke van u lewe — as daar 'n dierbare sterf, as daar 'n ramp dreig, as u behoefte het aan 'n wonder.

Nee, u ken hom só nie!

Die vraag *bedoel dit*:

Ken jy God soos iemand wat tot jou intieme kring behoort.

Ken jy Hom soos iemand met wie jy gereeld verkeer?

Ken jy Hom deur die sekere kennis en vaste vertrouwe van die geloof? Deur die oorgawe van die liefde en deur die vleuels van die hoop? Ken jy God deur die spreke van Hom buite jou deur die Woord, en in jou deur die Gees? Ken jy Hom langs die weg van gehoorsaamheid en bekering?

In die toewyding van jou lewe.

In die sentrum van jou bestaan.

Het jy Hom tot jou persoonlik hoor spreek in die ere diens — in die stille ure van bepeinsing,

Ken jy God in die mistieke belewenis van sy teenwoordigheid?

In die mateloosheid van sy ontferming.

In die aanbidding van sy majesteit.

ken jy Hom aan die Kruis?

Jy vra: *Lewe!* Die antwoord is: *Ken jy God.'*

Nee? Dan is die lewe vir u soos 'n gespanne rit deur 'n groot stad as dit aand is: Flitse-
uithangborde — klanke — kleure — mensemassas wat kom en gaan — opwindend —
gevaarlik — ondiep — lawaaierig — tragies — eensaam . . . En u *mag* daardeur en om die
laaste draai val u weg in die duisternis — soos 'n ernstige beseerde sal u daar verlate en
reddeloos kerm tot in ewigheid.

As jy God nie ken soos ons teks bedoel nie is die dood reeds nou al jou metgesel.

Ken jy God? . . . **Ja!**

Dan het jy die **ewige lewe.**

Deur die ware geloof is die ewige lewe 'n teenwoordige besit wat wag op die finale
ontploffing.

As ons God ken deur Jesus Christus het ons *gemeenskap* met God — en dit is die ewige lewe:
ononderbroke gemeenskap. Die ken van God gee insig in die sin, doel, betekenis en waarde
van die lewe — en hierdie insig is die ewige lewe wat afgerond sal word in die ken van
aangesig tot aangesig.

Die ware ken van God in Christus gee *vergewing van sondes* — en dit is die ewige lewe —
die vreugdevolle bewussyn van vlekkelose reinheid wat eers voltooi sal word as ons sonder
sonde is.

Dat hulle U ken — dit is die *vernuwing van hart* en dit is die ewige lewe wat uitmond in die
totale vernuwing van die ganse mens.

Ken jy God? — Dan het jy die ewige lewe.

In die sondedood kom die wedergeboorte.

In die liggaamlike dood kom die wederopstanding.

En vanuit die ewige helledood is daar bevryding!

Gelowige — so konkreet soos die aarde waarop jy staan — klaar — finaal — onherroeplik
— nou en môre en sonder einde — *die ewige lewe!*

Want as jy God waarlik ken het die Here Jesus in jou lewe gekom. Hy wat sê: Ek is die
Lewe!

Weliswaar — dis maar 'n kronkelpad van ons geboorte tot ons ouderdom.

Maar as ek God waarlik ken klim my pad hoër op — en van die sterfbed staan ek by die
drumpel.

Die vraag bly: *Ken jy God?*

W. J. DE KLERK.

My kinders ruk hande uit - Wie se skuld is dit?

Dit het toe tog met ons ook gebeur. Ek en my arme man, ons het sulke groot ideale gehad vir ons kinders. en nou? — Ja, alles lyk moontlik behalwe juis ons ideale.

Voor verlede Sondag het San my uitgevloek, haar goed gepak en in 'n woonstel in 'n ander deel van die stad gaan woon. San, my oudste, net negentien jaar, uit haar ouerhuis uit op so 'n manier.

Dat sy kwaad geword het, kan ek miskien verstaan. Sy was van kleins af 'n koppige kind, opvlieënd. Maar dat sy so iets in my gesig kon skreeu, vir my, haar moeder.

En dit alles net omdat ek gesê het sy drink en rook te veel vir 'n meisie van haar ouderdom, dat sy kieskeuriger kan wees met haar mansvriende. Ek is nie preuts, outyds nie. maar dit is so. Die afgelope maand of drie het dinge hande uitgeruk. Omtrent elke iemand wat haar hier kom haal, het na drank geruik. Dis te sê as ek dikvellig genoeg was om saam met San buite toe te gaan. Want welkom was ek nie juis nie. Dit kon 'n mens sommer sien. Hulle kom nie in die huis nie. Druk net die toeter. Dit het gewoonte geword om eers in die vroeë Sondagure huis toe te kom. 'n Keer of wat het sy nie eers in die huis geslaap nie. Sondae môrens slaap sy tot wie weet watter tyd.

Die badkamer party Sondae môrens was in 'n toestand! Haar kamer 'n chaos! Klere sommer orals op die vloer. Sigaretstompies, as, uitgebrande vuurhoutjies. rooi oë. aspirienpille.

Ek en my man het al meer as een keer laat opgedaag vir ons rolbalwedstryde as gevolg van haar nagtelike eskapades.

Laasnag, dit was eenuur Sondagmôre. Die polisie het ons opgeklop. Hulle wou weet waar ons seun is. 'n Bende seuns rook en smokkel dagga. Die seuns het hulle te gou gewaar, anders was hulle gevang. Hulle is net nie seker wie hulle is nie.

Hulle wil my waarsku om na my seun om te sien. Ek was lam geskrik. Dagga! Geiukkig was Johnny in sy kamer. Gemaak of hy slaap. Vanmôre toe ek vir Johnny, hy is Johannes gedoop, hierna uitvra, bars hy in 'n woedebui uit. Dreig om weg te loop as ek nog verder lol. Skel my uit vir 'n nuuskierige ou square.

En daar is nog die skoolhoof se brief. Jean, ons jongste, vorder nie op skool nie, skryf hy. Sy is lui, parmantig en ongehoorsaam. Ek moet hom, kom spreek sou gou as moontlik.

Wat het dan tog verkeerd geloop? Waar het dit verkeerd geloop? Alle kinders is tog nie so nie. My bure se kinders . . .

Ons, ek en my man, wou dan juis ons kinders goed grootmaak. Kinders moet opgroeï in 'n goeie huis, goeie omgewing. Genoeg klere, Speelgoed, Kinderpartytjies om hulle sosiaal te vorm. Sondae het ons hulle saamgeneem rolbalbane toe. Party kere sommer 'n piekniek in die vrye. skone natuur.

Ons wou hulle nooit dwing om iets te doen nie. Hulle moes 'n eie lewensbeskouing ontwikkel. En nou na al die moeite hierdie gemors. Wie se skuld is dit? Ja, wie se skuld?

Goeie behuising, vooruitstrewende omgewing. genoeg klere. As dit al is. dan het u die vernaamste nagelaat — sy siel. Per slot van sake is dit juis wat die mens van die dier onderskei. sy siel.

Die dier vreet, soek die beste weiding, skuiling, paar en teel. Maar die mens het 'n siel. Sy behoeftes is meer as net klere vir die liggaam. voedsel vir die maag en dak oor die kop.

Daarom moet hy God ken, liefhê en dien. Die Bybel, gebed en kerk. Dit het u nagelaat. Dit

is 'n moeilike en lang pad terug. Wonders gebeur nie oornag nie. Maar God is 'n genadige God. Groot van lankmoedigheid, 'n liefdevolle Vader in Jesus Christus.

N. J. GROBLER.

DIE TEKENS VAN DIE TYD (2)

OOS TEENoor WES

Ons geslag het twee wêreldoorloë belewe. Dit was verwoestende oorloë wat diep letsels nagelaat het . . . ons belewe tans wat genoem word die "koue oorlog". Die wêreld waggel voort . . . waarheen . . . ?

Veral na die Tweede Wêreldoorlog het groot veranderings ingetree. Die Oosterse nasies het die juk van die Weste afgeskud. Hulle het vry geword van die oorheersing van die Weste. Die Weste het gehoop dat die vrymaking van die Ooste en Afrika die towergreep is om vrede en welstand en broederskap op aarde te verseker. Al meer en meer merk ons egter dat vyandskap en ellende en haat in die wêreld aangroei. In die wêreldpolitiek is daar duidelik 'n blokvorming aan die gang. Daar is die Afro-Asiatiese blok; die Kommunistiese blok. Helaas vertoon die Weste veelal geen blok nie, maar staan gewoonlik verdeeld teenoor die aanslae van die grootpraterige blokke uit die Ooste. Hulle soek nog steeds na die guns van die gekleurde nasies en steek mekaar dikwels onderling in die rug. Soos ons in Suid-Afrika maar te duidelik aan eie lyf ondervind.

Elkeen wat enigsins die wêreldgebeure met oop oë betrag merk baie duidelik die groeivorming tussen Oos en Wes, al bly Westerse staatsmanne daarvoor blind. Verder merk 'n mens duidelike vyandskap van die Ooste teenoor die Weste. By hulle is 'n diepgewortelde haat en wraaksug teenoor die oorheersers van vergange eeue. Geen wonder dat die ontwakende monster in China al meer 'n vaste voet kry. Ja selfs die Russiese kommuniste is vir die Chinese kommuniste 'n blanke Westering hy buit dit uit in sy propaganda.

Die Ooste is vry van die oorheersing van die Weste. Die Ooste word gedryf deur haat teen die Weste. Die Ooste vorm 'n blok teen die Weste. Kom daar 'n derde wêreldoorlog kan dit 'n oorlog tussen Oos en Wes wees.

So skryf "Die Transvaler" van 9 April 1964: "Wanneer die moontlikhede wat uit die Chinees-Russiese twis kan voortvloei, so nagegaan word, dan is dit duidelik dat dit 'n saak is wat 'n groot keerpunt in die geskiedenis van die mensdom kan word. Seker niemand begeer vandag dat daar 'n wêreldoorlog moet ontbrand waarin die blanke volke teenoor die nie-blanke volke moet staan nie, maar indien die twis tussen die Chinese en die Russiese Kommuniste moet aanhou en die verwydering tussen hulle steeds groter word, kan sake eenmaal in hierdie rigting beweeg . . ."

So skryf die alwyse Bestuurder van die wêreldgebeure sy geskiedenis. Luister wat sê sy Woord: "En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat. en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word" (Openb. 16:12).

Letterlik gaan die Skrif in vervulling. Die Eufraat. in Bybelse tye beskou as die grens of

skeiding tussen Oos en Wes, droog op. Die konings of heersers van die Ooste se weg is oopgemaak na die Weste.

As Westerling raak dit my persoonlik. Ek en my gesin word aan vreeslike gevare blootgestel. Die voortbestaan van my volk is op die spel.

As Bybelgelowige raak dit my ook persoonlik. Die haat teen die Weste is ook 'n haat teen die Christendom. Ja, die haat teen die Christendom is selfs dieper en venyniger as die haat teen die Westerling. Ek sidder as ek daaraan dink. Maar diep in my hart weet ek: "Dit is 'n lenteteken. Dit is die voetstappte van my Here wat kom op die wolke. Daarom het ek beslis redes om my te verbly. Die waarheid van God se Woord word werklikheid in die geskiedenis."

M. J. BOOYENS.

Ek het die kerk nie nodig nie

Jy meen dat jy die kerk nie nodig het nie?

Waarom sê jy so? Is dit omdat jy teleurgesteld is in die preke van die predikant, in die ontakvolle huisbesoek van die ouderling, in die liefdeloosheid van die lidmate? Of sê jy dit uit naakte ongeloof of brutale kwaadwilligheid?

Laai ek maar dadelik vir jou sê: die kerk kan sekerlik gekritiseer word. Kerkmense is nie sondelose mense nie. Onse Here Jesus Christus kritiseer self sy kerk hier op aarde. Lees maar sy briewe aan die sewe gemeentes van Asië (Openbaring 2 en 3).

Ek wil jou egter een groot guns vra: As jy die kerk kritiseer, kritiseer altyd vanuit die regte gesindheid, die gesindheid van liefde, van liefde wat bereid is om te vergewe. Dan sal jy nooit weer sê: Ek het die kerk nie nodig nie.

Ek wil die teendeel beweer: dat jy die kerk nodig het. En ek wil hierdie bewering met die volgende bewyse staaf.

Die kerk is nie 'n vereniging wat deur mense gestig is nie maar is van Goddelike oorsprong. Dit is 'n instelling van Christus, die Seun van God. Die apostel Paulus noem die kerk die "liggaam van Christus" (Ef. 1:22, 23). As jy nog twyfel, lees Mattheus 1:19-22 waar Jesus apostels aangestel het. Lees ook Mattheus 28:19 waar Jesus hulle opdrag gee om te preek en te doop, asook Lukas 22:19 waar hulle opdrag kry om die Nagmaal te bedien. Net soos wat enige organisasie, as hy wil bestaan, georganiseer moet wees, netso wil Jesus Christus dat sy volgelinge in 'n kerk georganiseer moet wees. Jesus Christus vergader, beskerm en onderhou sy kerk (Sondag 21, Heidelbergse Kategismus).

Maar nog meer: die Here verwag van jou om by die kerk aan te sluit en die dienste getrou by te woon. In Hebreërs 10:25 vermaan die skrywer: "en laat ons ons onderlinge byeenkomste nie versuim soos sommige die gewoonte het nie . . ." Hierdie onderlinge byeenkomste is bepaalde gemeentelike samekomste, kerkdienste.

En nou weet ek wat jy wil vra. Jy wil vra of jy nie maar by die huis kan bly en daar jou godsdiens te beoefen nie. Hierop wil ek baie duidelik antwoord: Nee!

Waarom nie?

Omdat die geloof uit die gehoor is en die gehoor is deur die Woord van God (Romeine 10:17). Jesus het sy Woord aan die kerk gegee. En al is die predikante swak, sondige mense netsoos jy en al kan daar menslikerwys veel kritiek op preke uitgespreek word . . . onthou: die Gees van God gebruik daardie swakke woord om die geloof in ons harte te plant en te versterk. Deur die prediking het Lidia tot bekering gekom (Handelinge 16:14), die hofdienaer van Ethiopië (Handelinge 8:26-39), die hoofman Cornelius (Handelinge 10).

Moet nooit vergeet nie: die kerk is 'n leërmag in diens van Jesus Christus En net so min as wat 'n aanvoerder sy bevel uitreik aan manskappe wat nie by die leer wil aansluit nie, net so min wil God die diepte van sy Woord openbaar aan mense wat nie kerk toe wil kom nie.

Wat meer is: as jy nie kerk toe kom nie verbeur jy die Nagmaalsviering waardeur jou swakke geloof nog verder versterk word; so verbeur jy die openbare gebed waar ook vir jou gebid en ook jou node en behoeftes voor die aangesig van God gebring word; verbeur jy die geleentheid om aan die armes van Christus liefdesgawes te gee (1 Kor. 16:2).

Nee, my vriend, jy het die kerk nodig. Die kerk is die moeder van die gelowiges (Galate

1:261), 'n moeder wat haar kinders deur Woord en Sakramente opvoed, 'n moeder wat met tere liefde ook jou wil versorg.

Maar dan moet jy jou moeder liefhê!

C. J. MALAN.

Die pad is smal, die poort is nou

MET die wegspring het die Lotus die voortou geneem en pragtig gejaag. Die Cooper wat kort op sy hakke was, het ongelukkig by Barbeque-draai op olie gegly en soos 'n smeulende konkra langs die baan gaan lê.

Dis 'n toneel wat u dikwels op Kyalami voor u sien afspeel. U woon die Suid-Afrikaanse Grand Prix gereeld by. U het al oorweeg om met u Handgemaakte Alfa self deel te neem. Verlede Sondag nog, het u byna die hele dag gebukkend oor die Alfa se modderskerm gehang. om die masjien "tip-top" te kry. Daardie middag het u dan ook die spoedmeternaald by 100 verby gekry; die pad het eintlik nou geword soos 'n smal eenrigtingweg . . .

Christus het ook gepraat van 'n pad wat *smal* is. Hy het na die hemelpad verwys en gesê: "Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei." Hierteenoor het Hy gesê: "Want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei". Dit is duidelik. Die pad van die ongelowige het ruimte vir goddelose ongebondenheid. Oral is wye poorte waardeur menigtes in en uit gaan, byvoorbeeld die wye poort van die kroeg, die wye poorte van sondige vermaaklikheid en onsedelikheid. Uiteindelik eindig daardie *wye* pad in die wye poort van die hel.

Daarenteen is die pad van die gelowige baie *smal*. Dit is moeiliker om op so 'n smalle pad te beweeg ... dit is soms opdraand en verg inspanning. As jy daarop wil beweeg. moet jy die Alfa se masjien op Sondae met rus laat en liever kerk toe ry. Daar en in jou Bybel sal jy uitvind dat dit die moeite werd is om op die smalle pad te gaan, want dit eindig by die *nou poort*, die poort van die ewige heerlijkheid.

As die *smal* pad te moeilik lyk, onthou: Christus sal u krag gee om dit te bewandel. U sal ook vreugde vind om daarop te gaan, want so wil u u dank betoon aan Jesus Christus wat die noue poort, eindigende in die ewige heerlijkheid, vir u met sy dierbare bloed van versoening, geopen het.

P.A. SMIT

'n Onderhoud met Paulus

- Vraag:** Paulus, het die toewyding in die godsdiens u 'n kommerlose lewe geskenk?
- Antwoord:** Vyfmaal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Driemaal is ek met stokke geslaan, eenmaal is ek gestenig, driemaal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring — dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad. in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid (1 Kor. 11:24-27).
- Vraag:** Dit is geweldig! Het hierdie dinge u lewenstaak versper en u frustrasies gegee?
- Antwoord:** En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wederveraar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het (Filippense 1:12).
- Vraag:** Hoe kan sulke dinge vir 'n mens en vir jou taak bevorderlik wees?
- Antwoord:** Ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is . . . in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig (Filippense 4:11-12).
- Vraag:** Wat is die geheim van u tevredenheid?
- Antwoord:** Ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is (Romeine 5:3-5).
- Vraag:** Laat rampe u nie soms twyfel aan God se liefde nie?
- Antwoord:** Wie sal ons skei van die liefde van Christus — verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. (Romeine 8:35, 37).

— W. J. de Klerk